HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 56 van 2026

30 April 2026

Geagte Ouers/Voogde

Dit is met groot opgewondenheid dat ons julle op **17 Junie 2026** na ons **Dames Rolbaldag** nooi. Dit beloof om 'n dag propvol lag, pret en heerlike samesyn te wees!

Die dag skop **om 09:00** by die pragtige Linden Rolbalklub met **welkomdrankies** af. Hierdie spesiale geleentheid is **slegs vir dames**, want elke mamma verdien so nou en dan 'n welverdiende blaaskans!

Kom geniet 'n dag waar ons saam kan ontspan, lag en 'n bietjie mededingend op die baan raak. Trek jou mooiste **wit uitrusting** aan en kom straal saam met ons!

Asof dit nie genoeg rede is om daar te wees nie, is ons boonop baie opgewonde dat die gewilde komediant, **Schalk Bezuidenhout**, die dag saam met ons gaan deurbring! Maak gereed vir hope lag en vermaak wat die dag net nóg meer spesiaal gaan maak.

Kostes:
R2000 per vierbal – dit sluit in:

- Speelfooie
- 'n Bottel vonkelwyn per span
- Toegang tot die aandfunksie

Moenie op hierdie wonderlike dag van vriendskap en pret uitmis nie!

Skryf jou vierbal hier in:

https://bit.ly/damesrolbal

Ons sien daarna uit om saam met julle 'n onvergeetlike dag te beleef!

Vriendelike Randjiegroete

M. van Niekerk
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof